

Ware liefde word nie beperk deur grense nie!

Teks: Johannes 4: 1-26

Fokus: Joh. 4: 9

Hierdie gedeelte getuig van Jesus se goddelike liefde wat geen beperking het nie.

Vir daardie tyd was dit totaal ongewoon wat Jesus hier doen. Hy, 'n Jood, praat met 'n Samaritaan. Boonop is dit ook nog 'n vrou en 'n persoon wat deur die samelewing verwerp is.

Die vrou besef dit ook en daarom was sy verbaas dat Jesus vir haar vra om vir Hom water te gee (vs. 9).

Ons leef ook in 'n samelewing en kultuur met baie sosiale grense. Grense wat ons nie bereid is om oor te steek nie, want in 'n sekere sin word ons status dalk daaraan gekoppel en daarom is die vraag altyd in ons agterkop, "Wat sal mense dink?"

Die gevolg is dat ons liefde beperk is. Ons is net bereid om liefde te gee daar waar mense dit verdien of waar dit vir ons tot voordeel is. Ons is bereid om na iemand uit te reik wat op dieselfde of hoër sosiale vlak as ons is, want dit kan dalk ons aansien verbeter, maar die arm sukkelaar ignoreer ons gerieflikheidshalwe.

Ons sukkel om daardie grense oor te steek omdat ons bang is dat dit iets aan ons waardigheid sal doen. Ons waardigheid wat dalk gegrond is op die hoogtepunte wat ons in die lewe bereik het.

Jesus kom wys ons dat status en hoogtepunte nie van waarde is nie. Dit gee ons 'n valse gevoel van waardigheid, want voor God is alle mense nietig, swak en sondig.

Ons kan alleen waardig word in God se oë deur die genade van Jesus. Hy gee ons die lewende water. Water wat ons skoon was van al ons oortredings.

Sy liefde was so groot dat Hy nie ons sonde as beperking gesien het nie. Hy kom vat die sonde weg sodat ons rein kan word. Hy neem ons onreinheid op Hom aan die kruis, sodat ons rein kan wees.

Hy gebruik hierdie sondige vrou om vir Hom te getuig (vgl. vs. 29), en dit met groot sukses (vgl. vs. 39).

Jesus vra nie watse werk jy doen of watter prestasies jy bereik het in jou lewe nie. Hy verlos ons bloot uit genade. Alleen wanneer ons daardie genade verstaan, sal ons die grense kan oorsteek deur ander wat ook nie ons liefde werd is nie, lief te hê.

Ons ras, kultuur en sonde was nie vir Jesus 'n hindernis nie. Hy het 'n pad deur dit gebreek met die kruis sodat ons ook kan deel in die lewende water. Wees dankbaar en bewys aan ander dieselfde genade!